

12 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 34

Fokusgedeelte: Psalm 34:2

Sý lof op my lippe

Dawid wil die Here loof (vs 2). Trouens, hy roep ons almal op om die Here saam met hom te prys (vs 4). Hoekom wil hy die Here loof? Dit is asof hy nie kan ophou om te sê dat die Here hom gered het nie (vers 5, 7, 8, 18, 20) – uit allerlei gevare: doodsgeware, benoudheid, rampe.

Die Engel van Here slaan 'n laer om jou op (vs 8). Hy is naby jou. Hy hoor en verhoor jou as jy Hom vra om jou te help. Hy sal nooit 'n dowe oor na jou toe draai nie. Ook en veral wanneer jy jou sonde voor Hom blootlê, sal Hy jou help, jou vergewe omdat Jesus Christus daarvoor aan die kruis betaal het.

Het jy Hom al geloof vir jou gesondheid, dat Hy jou opgetel het toe jy in 'n diep, donker gat van depressie gelê het, dat Hy vir jou sorg en jy maar rustig al jou bekommernisse op sy skouers kan laai?

Prys Hom onophoudelik vir die ewige saligheid wat Hy vir jou gee! Prys Hom omdat Hy deur sy Heilige Gees in jou woon, en elke tree vir jou krag en wysheid en geloof gee! Sê saam met Dawid: "Sy lof sal altyd op my lippe wees" (vs 2). Jy kan God nie genoeg prys vir sy goedheid nie. Doen dit vandag!

Sing: Psalm 34:1, 2 (2001-omdigting)

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)